**Woensdag 20 November**

| Skrifgedeelte: Hebreërs 9:15-28 | Fokusgedeelte: Hebreërs 9:15 |
| --- | --- |

## Geloofsekerheid!

Het jy geloofsekerheid?

Ons almal het al deur tye gegaan van twyfel, het ons nie? Het God my lief? Glimlag Hy, raak Hy bly as Hy oor my dink? Of is Hy eintlik ’n bietjie geïrriteerd met my, ontevrede, kwaad, teleurgesteld? Dis veral as dinge moeilik gaan, dat ons hieroor begin vrae vra.

Dit het met die eerste lesers van hierdie brief gebeur. Hulle het uit die Joodse geloof tot bekering gekom en hiervoor is hulle vervolg. Dit bring vrae. Twyfel, en in hulle twyfel wil hulle self planne maak. Hulle wil terugkeer na die ou rituele en gebruike.

Daarom kom herinner die Hebreërsskrywer hulle dat dit wat hulle in Jesus het, soveel meer is as wat hulle gehad het in die ou verbond. Hy’s die Middelaar van die nuwe verbond of dan, Nuwe Testament!

Hier is die kernboodskap van hierdie verse vir hulle en ook vir my en jou en elkeen wat in Jesus glo: *Jou naam staan in Jesus se testament* en dit maak jou ’n *erfgenaam van God se ewige erfenis!* En dis met hierdie waarheid wat ons twyfel kan en moet beveg.

In vers 16-22 verduidelik die skrywer waarom *Jesus moes doodgaan en sy bloed moes vloei om hierdie testament te bekragtig*. Jesus sê immers as Hy die nagmaal instel: Dit is my bloed, die bloed van die nuwe testament, wat vir baie uitgestort word (Mark. 14:24). Martin Luther het gesê dat Jesus met nagmaal sy “testament” opgestel het, en toe Hy die volgende dag aan die kruis uitroep: “Dit is volbring”, het hierdie testament in werking getree. Hy het nie aardse paleise en skatte vir sy volgelinge nagelaat nie, maar iets baie kosbaarder: sondevergifnis en die ewige lewe. Die regverdige, heilige God kon nie anders as om sonde te straf nie. Jesus se bloed vloei. Hy sterf, sodat ons bloed nie hoef te vloei nie.

In vers 23-28 maak hy duidelik hoe geweldig *doeltreffend Jesus se bemiddelaarswerk was en is*! Ons word ingenooi in die erediens van eredienste. As Hoëpriester bring hy *die eenmalige offer* (nie oor en oor soos in die Ou-Testament nie). Dit neem ons sonde eens en vir altyd weg, en nie net tydelik soos die Ou-Testamentiese offers nie.

Vriende, dis wat sy dood en sy bloed vir ons verseël. As ek twyfel of God vir my is, of Hy vir my lief is, of dinge tussen my en Hom reggemaak is, dan hoef ek nie verder te soek as hierdie testament nie. *Gryp in moeilike omstandighede hoopvol, seker vas aan jou ewige erfenis, want jou naam staan in Jesus se testament!*

*Sing: Psalm 42-1:3, 5*

*Ds. TF Dreyer (Thomas) (Randburg)*